

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN



Maandag (oor)

- 1 Wat hoor jy?
- 2 Hoekom is jy nie meer n slaaf nie?
3. God het jou sy _____ gemaak omdat jy aan hom behoort?
- 4 Wat het die Kananitiese vir Jesus gevra?
- 5 Wat het Jesus vir haar gesê?




Dinsdag (oë)

- 1 Wat sien jy?
- 2 Hoe het die vrou Jesus se aandag probeer kry?
- 3 Hoe het die Jode gevoel oor die mense van Kanaän?
- 4 Wat het hul die mense genoem van Kanaän?
- 5 Wat was fout met die vrou se dogter?



Woensdag (hartjie)

- 1 Wat ervaar jy ?
- 2 Hoe voel die vrou wat met Jesus gepleit het?
- 3 Het die vrou moed op gegee om met Jesus te praat?
- 4 Wat wou die dissipels hê moes Jesus met die vrou doen?
- 5 Wat was Jesus se eerste woorde aan die vrou?



Donderdag (hand)

- 1 Wat het jy geleer deur te hoor hoe Jesus die vrou genadig was ?
- 2 Wat het die vrou besef oor die genade wat God vir ons het?
- 3 Hoe laat dit jou voel as mense jou sien as minder as hul?
- 4 Was die vrou se gebede/ pleit geantwoord?

MATTEUS 15: 21-28 VROU VAN KANAAN VRA VIR KRUMMELS

Galasiërs 4:7 “ Jy is dus nie meer n slaaf nie, jy is nou n kind van God. En omdat jy sy kind is, Het God jou ook sy erfgenaam gemaak.

Ken jy ook mense wat op jou neersien? Hulle laat jou maklik soos n hond voel.

Daar was n Kananitiese vrou wat agter Jesus aangeloop het en aanhoudend geroep Het “Ontferm U oor my, Jesus, Seun van David! My dogter is in die mag van n bese gees, en dit gaan sleg.” Jesus het haar nie geantwoord nie en die dissipels wou hê dat hy haar moes wegstuur.

Die Kananitiese vrou het nie moed opgegee nie. Sy het aangehou het en aanhoudend te roep. Jesus het gesê “ Ek is net gestuur na die verlore skape van die volk Israel. Dit is nie mooi om die Brood van die kinders neem en dit vir die hondjies te gooi nie.”

Die mense van Kanaän was oor baie jare al die vyande van God se volk omdat hulle anders gelewe het. Die Heidense nasies was deur die Jode verafsku en soms honde genoem. Kananitiese vrou het toe voor Jesus kom neerval en gesê: “Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafels van hulle base afval.”

Toe antwoord Jesus haar: “Jou geloof is groot; jou wens word vervul.” Haar dogter het gesond geword. Sy het besef dat sy net so waardevol vir die Here is as die Jode, en God se genesing vir almal is.

Het mense al op jou neergesien omdat jy van n ander klas, stand, taal, nasie of geloof as hulle is? God maak alle mense gelyk en spesiaal.

Here, help my om te besef dat ek kosbaar is in U oë af gesien van wat mense se.
Dankie dat ek vrymoedigheid kan hê om U enige iets te vra.

BLOKKIES RAAISEL

AF

1. God het gesê jy is nie meer n _____ nie?
2. God het jou sy _____ gemaak omdat jy aan hom behoort?
3. Wat het die Kananitiese _____ vir Jesus gevra?
4. Wie se aandag het die vrou probeer kry?
5. Hoe het die vrou Jesus se aandag probeer kry?

DWARS

1. Hoe het die Jode gevoel oor die mense van Kanaän?
2. Wat het hul die mense genoem van Kanaän?
3. Bese _____ is in my dogter?
4. Hoe voel die vrou wat met Jesus gepleit het?
5. Die vrou het nooit _____ op gegee nie?

